

4 November 2010

Jaargang 3 – Uitgawe 38

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

Stuur kommentaar oor die inhoud aan [gespreksforum@nhk.co.za](mailto:gespreksforum@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Die Gees lei ons die toekoms in

Partykeer haak ons aan die verlede vas soos die Israeliete in die woestyn. Die een rede is waarskynlik oor die skynbare sekuriteit wat dit (ge)bied (het). Ons moet beseef dat ons die geskiedenis op geen manier kan verander nie. Iemand het onlangs gesê: Gód verander nie eers die geskiedenis nie, maar Hy gebruik dit met die oog op die toekoms. Die Psalmis sluit hierby aan: *Ek dink aan die verre verlede, ek peins oor alles wat U gedoen het...* (Ps 143: 5). Die digter bevind hom in haglike omstandighede, maar hy vind hoop in die groot daad van God in die geskiedenis. Dan kyk hy vorentoe en bid: *Wys my die pad wat ek moet loop, want my hoop is op U gevestig* (Ps 143: 8).

Die Woord is die lamp vir ons voet. Ons kan net so ver sien as wat die lig skyn. Hoe verder ons loop, hoe verder skyn die lig. So vind ons in môre soms antwoorde op gister se vrae en ook die vervulling van sy beloftes. Dit sien ek as die waarde van die verlede. Dit gee ons hoop vir die toekoms!

Daarom is dit so belangrik om besluite van die Kerk ook in dié lig te beskou. In 'n bepaalde tyd met die lig van die Woord en die leiding van die Gees *het die Heilige Gees en ons besluit dat...* (Hand 15: 28). Kan ons dit met oortuiging sê? Uit die publikasie *Kerk en Wêreld 2000* van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) (1985) haal ek aan:

### OOOR FINALE EN VOORFINALE UITSPRAKE

*Die kerk maak nooit 'n finale uitspraak nie. Sy uitspraak word altyd gekenmerk deur hulle voorlopigheid. Die rede hiervoor is dat die kerk op pad is... Hy is steeds aan 't worstel met die waarheid en dit mag wees dat hy, onder die leiding van die Gees, die eise van die waarheid môre anders sal verstaan as vandag. Hy herroep egter nooit 'n uitspraak nie* (my beklemtoning). *Hy glo immers dat daardie uitspraak, wat hy onder leiding van die Heilige Gees gemaak het, die waarheid is... Hoe is dit moontlik? Omdat die Gees gister só geleidelik het... Môre se uitspraak sal dus om dieselfde rede waar wees. Beteken dit dat die kerk op 'n gegewe oomblik by verskillende uitsprake staan, met die aanspraak dat almal (hoe verskillend ook al) wáár is? Natuurlik nie. Sy jongste uitspraak sal steeds die een wees waarby hy staan – omdat dit neerslag van die Heilige Gees in die huidige omstandighede is... Die volle waarheid is 'n eskatologiese gegewene wat eers by die wederkoms ten volle kenbaar sal wees.*

Ons besluite en standpunte op die pad na die toekoms bly maar standkommas,,, soos dowwe spieëls! Maar ons kyk met verwagting na die toekoms – die Bruidgom kom!

Ds Theuns Botha  
Ottosdal

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)

Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)



## BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

### Beroep ontvang

- **Ds Dirk van Rooyen** van Carletonville na Sasolburg-Suid

### Beroep bedank

- **Ds Piet Rautenbach** van Nkana (Zambië) na Zeerust

### Vakante standplaas

- **Gemeente Windhoek** beskik oor 'n vakante **volesorgstandplaas**. Windhoek is 'n stadsgemeente, alhoewel die karakter eerder dié van 'n groot plattelandse dorp is. Die gemeente is saamgestel uit 554 siele, waarvan 503 in Windhoek en 51 in Okahandja woon. Okahandja is 70 km noord van Windhoek. Die ouderdomsverspreiding is: 39% jonger as 30 jaar; 31% 30 tot 50 jaar; 19% 50 tot 65 jaar; 11% ouer as 65. Daar is elke Sondag 'n oggenddiens in Windhoek en ± 3 uit elke 4 Sondae per maand 'n erediens in Okahandja, vakansies uitgesluit. Met die meeste lidmate jonger as 30 jaar, wil die gemeente fokus op die bediening van kinders en jongmense. Omdat Windhoek die hoofstad is, werk heelwat jongmense van die platteland daar.

Aansoeke moet die gemeente **voor 19 November 2010** bereik. Predikante en proponente kan 'n CV aan die skriba stuur by [nedherv@mweb.com.na](mailto:nedherv@mweb.com.na). Die Kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie. Die gemeente besit 'n pastorie, maar alternatiewe behuising sal oorweeg word. Windhoek beskik oor 'n wye keuse van goeie skole met Afrikaans óf Engels óf beide as voertaal. Die beroepe predikant sal moet aansoek doen om 'n werkspermit en dit sou 'n aanbeveling wees (maar is nie 'n voorvereiste nie) as so 'n persoon Namibiese burgerskap deur afkoms of huwelik kan bekom. Enige verdere navrae kan aan bogenoemde e-posadres gerig word.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Eduard Engelbrecht** van **Gemeente Secunda** het op Sondag 31 Oktober in 'n motorfietsongeluk gesterf. Die roudiens vind plaas op Vrydag 5 November om 13:00 in die Kruik Auditorium in Secunda. Die adres is hv PDP Kruger- en Nelson Mandela-rylaan, Secunda; GPS suid 26° 31.207, oos 29° 10.906. Die diens word gelei deur ds Hannes Wolmarans. Ds Engelbrecht word oorleef deur sy vrou en twee kinders, 'n dogter wat tans matriek skryf en keuring gekry het vir die mediese kursus in Stellenbosh aanstaande jaar, en 'n seun in graad 10. Sy vrou, dr Anne Engelbrecht, is mediese praktisyn in Secunda. Die Kerk bid haar en haar kinders troos en sterkte toe.
- **Dr Gerrie Bloem** is skielik op 4 November na 'n hartaanval oorlede. Hy was 67 jaar oud. Reëlins vir die roudiens is nog nie getref nie. Die Kerk se innige simpatie gaan aan sy vrou, Marie, en die familie.
- Voorbidding word gevra vir **mev Ina Snyman, vrou van emerituspredikant ds Theuns Snyman**. Sy is nog baie swak en siek. Sy moet vir die res van haar lewe drie maal per week dialisebehandeling ontvang. Die gesin word pastoraal versorg



Ds Dirk van Rooyen   Ds Piet Rautenbach



Ds Eduard Engelbrecht



Dr Gerrie Bloem



deur hul predikant, ds Leon Geel, en al die ander predikante van Potchefstroom.



Andries Pretorius en dr Wilhelm Coetzer



Ds Eksteen Botes Ds Gert Macdonald



Dr Piet van Staden Prof Andries van Aarde

- **Dr Wilhelm Coetzer**, sekretaris van die Kantoer van die Algemene Diakensvergadering (ADV), is van 1 November af met siekte-emeritaat. Tydens 'n geselligheid op Vrydag 29 Oktober het die Kommissie van die ADV hom bedank vir sy kosbare werk die afgelope jare. Sy kennis en begrip van barmhartigheid is en was 'n groot aansporing. Die ADV en die Diakonale Diensorgane bid hom, sy vrou Tessa en hul twee kinders seën en sterkte toe. Die foto van Andries Pretorius, voorsitter van die ADV, saam met dr Wilhelm, is geneem tydens die afsluiting van die 5de ADV op Saterdag 22 Mei toe Andries Psalm 23 uit die *Bybel vir Dowes* gelees en dr Wilhelm daarna die gebed gedoen het.
- **Ds Eksteen Botes** het op Dinsdag 2 November teruggekeer van Paraguay nadat hy vir drie weke die lidmate van die Kerk en ander Afrikaanssprekende kerke besoek het. Hy beskryf die besoek as baie geslaagd, en hy getuig van die dankbaarheid van die lidmate vir die besoek wat deur die Kerk moontlik gemaak word. Groot dank is verskuldig aan die kerkraad van Nelspruit omdat hulle dit vir ds Botes moontlik maak om die werk te gaan doen, aan **ds Gert Macdonald** wat intussen die werk in die gemeente voortgesit het, en ds Botes se vrou, Helene, wat telkens moet tuisbly.
- **Dr Piet van Staden**, deelydse predikant van Philadelphia, emeriteer aan die einde van Desember. Die geleentheid vind plaas op Sondag 5 Desember in die kerkgebou van Philadelphia waar hy baie jare lank werksaam was.
- **Prof Andries van Aarde** is pas terug nadat hy akademiese verpligtinge in Kalifornië nagekom het. Hy het die DF Strauss-merietetoekenning van die Westar Institute for Religious Literacy in Santa Rosa ontvang vir sy bydrae tot kritiese Bybelwetenskap. Hy het ook 'n akademiese bydrae gelewer oor sy komende boek oor die *tradisies oor Jesus se oop graf in Bybelse en nie-Bybelse antieke geskrifte*. Prof Van Aarde het ook in sy hoedanigheid as voorsitter van die direksie van die **to care** Foundation leiersfigure van drie ekumeniese liggame besoek. Meer oor die besoek sal gesê word nadat prof Van Aarde met die Kommissie van die AKV gesprek gevoer het op 11 November. Prof Van Aarde, wat tans met vakansie is in die Krugerwildtuin, word hartlik geluk gewens met die toekenning.
- **Ds Rudi Schoeman** van Gemeente Theresapark het 'n nuwe e-posadres. Dit is [prschoeman@vodamail.co.za](mailto:prschoeman@vodamail.co.za).
- **Die volgende predikante verjaar in die komende week**, en word hartlik geluk gewens.
  - o Saterdag 6 November: Di Thys Redelinghuys (Roedtan) en Wikus van der Merwe (emeritus)
  - o Sondag 7 November: Di Fanie Beukes (Wesmoot) en Dirk van Rooyen (Carletonville)
  - o Dinsdag 9 November: Ds Hannes Wolmarans (Secunda)
  - o Donderdag 11 November: Di Adriaan Roets (Swartkop) en Kobus van der Merwe (beroepafwagting)
- **Prop Hendrik Breytenbach**, wat met sy doktorsale studie in Duitsland besig is en nou redelik permanent terug is in Suid-Afrika terwyl hy aan sy proefskrif werk, is beskikbaar vir **preekbeurte**. Stuur 'n SMS na 082 449 7148 en hy sal terugskakel.
- Die **finalejaar teologiestudente** het ook nou preekvergunning om in gemeentes te preek. Hul **legitimasie en beroepbaarstelling** vind in **Maart 2011** plaas. Gemeentes kan die studente by die volgende nommers kontak:
  - o Maritza Botha 079 154 4154
  - o Yolandé Benadé 082 410 0092
  - o Petrus Dreyer 082 453 8094



Prop Hendrik Breytenbach



- o Tiaan Loedloff 073 529 1538
- o Annezel Otto 084 816 4037
- o Pieter Rossouw 083 379 8287
- o Lisa-Mari Swanepoel 083 943 4561
- o Wouter van Wyk 072 225 7986

- Die Kommissie van die AKV sal op 11 November die aansoeke hanteer van **beroepafwagende predikante** wat versoek het dat hulle ampsvoorreg behou. Die Kommissie sal besin oor die ampsvoorreg van predikante wat hulle permanent in die buiteland gevestig het. Waarskynlik sal die Raad vir Regsadvies versoek word om leiding daarvoor te gee.
- Tydens die Kommissie van die AKV se vergadering op 11 en 12 November sal die **situasie van verskeie gemeentes** bespreek word, onder meer: standplase wat nie gevul kan word nie, soos **Memel** wat maar uit ongeveer 22 lidmate bestaan; **Greylingstad**, wat tans deur emerituspredikant ds Fanie Naudé bearbei word; die **Nederlandssprekende gemeente in Johannesburg**, wat reeds jare lank bygestaan word deur prof Yolanda Dreyer, veral met die lei van eredienste in Nederlands, en pastoraal versorg is deur verskeie predikante; die Nederlandssprekende gemeente **Eben Haëzer in Pretoria**, wat tans deur die konsulent bearbei word; **Erasmia**, wat beplanning doen oor 'n moontlike verskuiving van sy eredienssentrum; **Vanderkloof**, wat tans deur emerituspredikant ds Sakkie Meyer bearbei word; **Dullstroom**, wat tans deur die konsulent, ds Fanie Hoffman, bearbei word; **Vrededorp**, wat tot sy dood op 4 November deur emerituspredikant dr Gerrie Bloem bearbei is; en **Noordelike Pretoria**, wat na die vertrek van ds André Strauss strategiese beplanning doen oor sy toekomstige bearbeiding. Daar is ook gemeentes wat tans besin oor die opheffing van 'n tweede standplaas, en ander wat uitstel vra om te beroep. Dit is duidelik dat gemeentes wat vakant raak, ernstig besin oor die toekomstige bearbeiding.
- **Gemeente Zeerust** het na sy soveelste beroep nog nie sukses behaal om 'n predikant te bekom nie. Die jongste beroep op **ds Piet Rautenbach** was ook nie suksesvol nie. Ds Rautenbach het geworstel met die beroep, maar uiteindelik besluit om sy goeie werk in Zambië voort te sit. Alhoewel daar simpatie met Zeerust is, is dit vir die Kerk se werk goed dat ds en mev Rautenbach hul werk in Zambië voortsit. Hulle het goed rigting gekry, en dit vra baie van 'n predikant in die voortdurend veranderende omstandighede van lidmate wat kom en gaan om die gemeente byeen te hou. Die afstande is groot en opoffering van die predikantsvrou is noodsaaklik. Die Rautenbach-egpaar word sterkte toegebied vir hul groot en opofferende werk.
- **Gemeente Springs-Oos** beskik oor 'n **vakature vir 'n tweede orrelis**. Die pos is onmiddellik beskikbaar. 'n Volledige pligstaat en besonderhede oor die vergoeding sal tydens die onderhoud met kandidate bespreek word. Vergoeding is volgens skaal. Gekwalifiseerde orreliste kan hul CV en 'n gewaarmerkte afskrif van hul kwalifikasie as orrelis per e-pos aan die skriba, oudl Retha Laubscher, by **rethalaubscher@gmail.com** stuur.
- **Gemeente Rietvallei** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis**. Persone met die nodige kundigheid en ervaring om die gemeente tydens Sondagoggende se eredienste, informele jeugbyeenkomste op Sondag-aande en Christelike feesdae te begelei, kan navrae rig of 'n CV stuur na die gemeentekantoor: faks 012 345 3143 of e-pos **nhrietv@telkomsa.net**. Diensvoorwaardes is soos deur die Hervormde Kerk voorgeskryf. Diensaanvaarding teen Januarie 2011 of so gou moontlik.
- **Gemeente Laer Suidkus** benodig 'n predikant om op **25 Desember** 'n erediens (Kersdiens) te hou op Port Edward om 08:00, op **2 Januarie 2011** om 08:00 te Port Edward en om 09:30 te Port Shepstone (gewone eredienste). Indien daar predikante is wat dan aan die Suidkus van KwaZulu-Natal vakansie hou en



gewillig is om enige van die genoemde eredienste te lei, skakel asseblief met die skriba, Frik Esterhuyzen, by 039 695 9430 of 082 556 9793.

- In die voetspore van die eerste Christene: **Toer na Egipte en Turkye van 20 April tot 4 Mei 2011** onder leiding van **ds Martin Slabbert**. Besoek die webwerf by [www.indievoetspore.co.za](http://www.indievoetspore.co.za), of kontak ds Slabbert by 082 655 4787.
- **Gemeente Philadelphia** het **vakante studentebewoening** op hul kerkterrein. Dit is sowat 100 m vanaf UP se Lunnonweg-ingang. Dit is 'n kommune van 10 inwoners wat 'n kombuis en twee badkamers deel. R2 450 per maand vir die groot kamers en R1 950 per maand vir die kleiner kamers. Verkieslik huurders wat studeer aan UP en by die gemeente sal inskakel as lidmate; die kamers moet voor einde November verhuur word. Kontak Esme Bolton by 012 362 7237 op weekdae tussen 08:30 en 13:30, of Rue Hopley by 083 669 3060 (enige tyd).
- **Volgende jaar se eerstejaars** moet asseblief van die volgende kennis neem:

**Gemeente Philadelphia se Eerstejaarskamp 2011** vind plaas van Saterdag 22 tot Donderdag 27 Januarie. Die kamp is te Kwaggasrus, ongeveer 30 km buitekant Brits. Die koste is R800 per persoon en sluit twee T-hemde in. Dit is die langste, lekkerste Tukkies-kamp en beloop om sakke vol pret te wees! Kontak Pierre Brits (kampvoorsitter) by 079 942 2662, ds Martin Slabbert by 082 655 4787 of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866. Stuur 'n e-pos na [philadelphia@nhk.co.za](mailto:philadelphia@nhk.co.za) vir meer inligting.

Alle **eerstejaars** wat in **Bloemfontein** gaan studeer, word uitgenooi om saam met die Bloemfonteiners en Kougom te gaan kamp van 9 tot 13 Januarie 2011. Die koste is R650 per persoon, en inskrywings sluit op 8 Januarie. Kontak ds Willem Dykema by 082 560 4772 of Giselle Fourie (kampvoorsitter) by 082 649 6527.

Die **Universiteit van Stellenbosch se Eerstejaarskamp** is van Saterdag 15 (12:00) tot Dinsdag 18 Januarie 2011 (17:00). Die koste is R400 per persoon, wat alles insluit. Kontak ds Chris le Roux by 082 905 0818 of [cleroux@nhk.co.za](mailto:cleroux@nhk.co.za).

**Potchefstroom-Studente se Eerstejaarskamp** vind plaas van Dinsdag 11 tot Vrydag 14 Januarie 2011. Die koste is R700 per persoon, wat verblyf, etes en 'n T-hemp insluit. Kontak ds Rudy Denton by 082 459 9710, Terzie Denton by 082 475 4618, of Jana Smit by 079 880 7466 of [rudy@nhk.co.za](mailto:rudy@nhk.co.za).

## Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Saterdag 27 November 19:00: Gemeente Pretoria-Oos**  
Delyweg 100, Waterkloof  
Saam met Musica Instrumente en Allen Kerkorrels  
Rocco de Villiers agter klavier en Pieter van den Berg agter orrel  
Ook met F# Koor en Alta van Huyssteen  
Ten bate van 'n kinderskool  
Kaartjies R100 per persoon, beskikbaar by die gemeente (012 460 8441)  
of by Pieter van den Berg (072 041 3954)  
of by Musica Instrumente, Atterbury Value Mart

## Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Vaalpark: Gholfdag Vrydag 12 November**  
10de jaarlikse gholfdag  
Meyerton-gholfbaan  
Afslaan vanaf 11:00  
R1 200 per 4-bal, R300 per persoon, borge welkom  
Kontak Danie le Roux by 082 816 8453 of Johann Hugo by 082 920 9455



- **Gemeente Bronkhorstspuit: Karp-hengelkompetisie Saterdag 13 November**  
04:00 tot 16:00  
By Vlooiokopdam (privaatdam – bring eie eet- en drinkgoed saam)  
R90 per hengelaar met 2 stokke  
1ste prys slagos; 2de prys R1 000; 3de prys R500  
Slegs oewerhengel – aasbootjies word toegelaat  
Navrae aan Achom Prinsloo by 072 345 2025
- **Gemeente Randburg: Gholfdag Dinsdag 23 November**  
CMR-gholfbaan, Maraisburgweg, Roodepoort  
Ten bate van Cluny Farm, Midrand  
Tehuis vir 58 verstandelik gestremde persone wat hulself onderhou met plant van groente en verkoop van gebak en melk  
R1 600 per 4-bal, borg van putjies welkom  
Kontak Christa Clifton by 082 566 1907 of [christac@atkv.org.za](mailto:christac@atkv.org.za)
- **Gemeente Bronkhorstspuit: Gholfdag Vrydag 26 November**  
Bronkhorstspuit-gholfklub  
R800 per 4-bal of R200 per persoon (sluit R20 halfweghuis-ete in)  
Borge welkom  
Afslaan 11:00  
Kontak Attie Botha by 083 627 4263
- **Gemeente Oudtshoorn: Gholfdag Saterdag 4 Desember**  
Oudtshoorn-gholfbaan  
R1 200 per 4-bal, R300 per persoon, borge welkom  
Kontak ds Monja-Lize van Belkum by 082 786 5752

### Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Wonderboom-Suid: Donasie gevra Tot Vrydagmiddag 5 November 12:00**  
Maak donasie van R20  
Staan kans om 6-bed-chalet vir 5 nagte (midweek) te wen by Weesgerus buite Nylstroom  
Elektroniese oorbetalings in ABSA tjekrekening van gemeente, nommer 0090 580 353, taknommer 632 005  
Stuur bewys van betaling per faks na 086 618 1524 of per e-pos na [dzdp@telkomsa.net](mailto:dzdp@telkomsa.net) en meld ook 'n kontaknommer  
Trekking Vrydagaand 5 November
- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Wen 'n boerdery**  
Gemeentes koop pakket(te) teen R5 000 elk  
Verkoop kaartjies en samel R50 000 in  
Sluitingsdatum 4 April 2011, trekking 8 Mei 2011  
Kontak Barry of Martie Pretorius by 018 431 0331 of 082 572 2124  
of Piet en Babsie Ferreira by 018 431 0685  
of ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

### Basaars en markte

- **Vrydag 5 en Saterdag 6 November: Gemeente Waterberg (Nylstroom) Kersmark**  
Vanaf 07:00 by die gemeentesentrum  
Kontak Ina Lategan by 014 717 3355 of [hervormwaterb@telkomsa.net](mailto:hervormwaterb@telkomsa.net)
- **Saterdag 6 November: NHSV Warmbad Kersmark**  
07:00 tot 12:00, kerksaal in Ludorfstraat, Warmbad



Stalletjies R30

Kontak Suzi van Dyk by 083 310 4943 of [thysan@telkomsa.net](mailto:thysan@telkomsa.net)

- **Saterdag 27 November: NHSV Hendrina Barmhartighedsboeredagbasaar**  
Hv Van Niekerk- en Beukesstraat, Hendrina  
Uitstallers welkom teen R100 per tafel – wins is joune  
Volop vleis en alles waaraan jy kan smul in oorvloed  
Alle winste vir barmhartigheid  
Kontak Cia van der Westhuizen by 083 452 8394
- **Woensdag 1 tot Saterdag 4 Desember: Gemeente Bergsig Kersmark**  
Huur 'n stalletjie teen R50 plus 10% van die verkope per stalletjie  
Skryf in vir die potjiekoskompetisie teen R20 elk  
Kontak Marie by 082 402 4170
- **Saterdag 4 Desember: Doulos Gemeenskapsprojek**  
Kersfunksie by Silwer Valke Rugbyklub  
Hv Pretoria- en Roestoffstraat, Silverton  
Hulp benodig vir maak van potjiekos vir 2 000 mense  
Borge ook welkom  
Kontak Hans Janse van Rensburg by 083 269 7082  
of Heleen Huyser by 082 443 8874 of [Heleen.Huyser@postoffice.co.za](mailto:Heleen.Huyser@postoffice.co.za)
- **Donderdag 16 tot Sondag 19 Desember: Gemeente Wesmoot Kersmark**  
Makro Wonderboom se parkeerterrein  
Staanplekke is 3 x 4 m, koste per dag R150, R500 vir vier dae  
Kontak ds Fanie Beukes by 073 167 1183
- **Saterdag 29 Januarie 2011: Gemeente Nelspruit Maroelafees**  
Vanaf 08:00 by Nelspruit Rugbyklub  
Toegang (sluit glas maroelasap in) R20 per volwassene/hoërskoolkind  
R10 per laerskoolkind, gratis vir voorskoolse kleuters  
Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455

## ANDER NUUS

- Die Kommissie van die AKV behandel tydens hul vergadering van 11 en 12 November onder meer 'n aanbeveling van die **Raad vir Regsadvies** dat 'n **komitee** aangewys word **vir die hantering van regsgekkille** waarby die Kerk betrokke raak. Regsgekkille het die afgelope paar jaar iets geword waarmee die Kerk moet rekening hou. Ten spyte van die bepaling van die Kerkorde dat ampsdraers en lidmate eers alle kerklike remedies moet uitoefen voordat hulle hulle tot die reg wend, word dit nie gedoen nie. Die Kerk word dus verplig om aan die saak aandag te gee.
- Die **NHSV** beskik oor **beurse en lenings** vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings, wat wissel van R2 000 tot R6 000. Vra aansoekvorms aan by [nhsvadmin@nhk.co.za](mailto:nhsvadmin@nhk.co.za) of 012 325 0117. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2010**. Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.
- Die **studente van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** soek werk op Saterdag (**tuinwerk of huiswerk**). Enigiets sal welkom wees. Hulle woon op die hoek van Bosman- en Vermeulenstraat in die stad, by The Foundation. Onderhandel direk met hulle oor vergoeding en vervoer. Kontak Paul Motshabi by 083 720 9823 – hy is 'n student en sal met al die ander studente skakel indien meer as een student benodig word.





- Ondersteun **Beeld-Kinderfonds**  
Wen 'n Peugeot 207 Urban 1.4 5-deur ter waarde van R159 355  
**SMS-kompetisie sluit op 10 November**  
SMS **PEUGEOT** na **32541** teen R25 per SMS  
Kaartjieverkope het reeds gesluit
- **Transoranje Skool vir Dowes: 26 November tot 5 Desember**  
**Kersmark**  
Pretoria-skougronde, Saal L, ingang Kerkstraat
- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
  - Saterdag 6 November: NHSV Dagbestuur
  - Dinsdag 9 November: Voortgesette Toerusting (VTT) oor Traumaberading; Direksie van Die Ondersteuningsraad
  - Woensdag 10 November: VTT oor Traumaberading
  - Donderdag 11 November: Kommissie van die AKV
  - Vrydag 12 November: Kommissie van die AKV

## ADVERTENSIES

### RIETFONTEIN-OORNAG (PRETORIA)

Selfsorgeenhede

- gerieflik, netjies, stil, selektief
- naby hospitale, hoofweë, sentrums
- mandjie-ontbyt op aanvraag
- bekostigbaar
- veilige parkering

Kontak Adaleen by 083 345 7717

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die **e-Hervormer** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads**. Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

## AGTERBLAD

### Graad 5-kategeseboeke

**SENTIK is tans besig om die Kerk se nuwe graad 5-kategesehandleidings finaal drukgereed te kry.**

Die boeke sal reeds teen die einde van hierdie jaar beskikbaar wees teen slegs R45 (vir die katkisant se boek). Dit is maar ongeveer die helfte van die prys wat alternatiewe kategesemateriaal kos (indien hul lisensiegelde en boekkoste in berekening gebring word).

Die graad 5-boek is getitel *God praat met ons* en bou voort op die leerplan van die graad 4-boek. Die Bybelkennis van leergierige kinders op daardie ouderdom word uitgebou



aan die hand van Bybelverhale uit die Ou en Nuwe Testament. Die Bybelverhale verduidelik op watter verskillende maniere God in die Bybelse tyd met mense gepraat het, en leer kinders ook om te hoor hoe God vandag nog met ons praat.

Die volgorde van die lesse hou rekening met die kerklike jaar, sodat temas soos die kruisiging en opstanding reeds in die Lydenstyd behandel word (en nie, soos dikwels, eers aan die einde van die jaar in die Adventstyd nie). Die kind se boek bevat telkens stof vir die kategeseklas, maar daarna ook dagstukkies wat by die tema aanpas en wat ouers deur die loop van die week saam met hul kinders kan lees. Die kinders kan dit teen dié tyd al op hul eie lees, of hulle kan na die oudioboek op CD luister.

Die verskyning van die nuwe graad 5-kategesehandleiding beteken dat feitlik die helfte van die Kerk se nuwe kategesehandleidings nou reeds beskikbaar is. Hoewel gemeentes ook ander materiaal mag gebruik, bly hierdie handleidings die primêre kategesemateriaal van die Hervormde Kerk. Die nuwe reeks kategesehandleidings behandel Bybelse materiaal, maar verreken ook die Hervormde Kerk se belydenisskrifte, eie aard en geskiedenis.

\*\*\* Gemeentes kan solank hul bestellings vir die graad 5-handleidings asook vir alle ander kategesemateriaal by mev Susann van Zyl van die SENTIK-boekwinkel plaas. Kontak haar by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za).

**Dr Wouter van Wyk**



Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrieff beskikbaar, wat vandeeweek 230 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za), of stuur 'n versoek na [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za) om dit weekliks te ontvang.